**INSKRYWING 2025 – GRAAD RR, R asook GRAAD 2-7**
**GRAAD 1 – EERS AANLYN www.gdeadmissions.gov.za**

| |
|---|
| **2025** |
| **GDE Aanlyn nommer: Graad 1** |
| W ........................................... |
| Waglys A |
| Waglys B |


De Beerstraat 325
Wonderboom-Suid
0084
Tel: 012 335 2841
Faks: 012 335 3945

Posbus 31619
Wonderboompoort
0033
boeries@mweb.co.za
www.boerefort.co.za


## KANTOORGEBRUIK

| | |
|---|---|
| Leerder van en naam: | |
| Identiteitsnommer van leerder: | |
| Paspoortnommer: | |
| Graad en klas: Gr: .......... | Datum hier begin: |
| Leerderkode op rekenaar: | |
| Familiekode/Rekeningnommer: | |
| Luritsnommer: | |

## DOKUMENTE ONTVANG

- ☐ ID dok (beide ouers/voogde en gesertifiseer)
- ☐ Geboortesertifikaat van leerder (gesertifiseer)
- ☐ Bewys adres (rekenpligtige)
  Indien huurder, benodig skool verhuurder se besonderhede:
  Naam: ______________________________
  Tel: ______________________________
  E-pos: ______________________________
  Werksadres: ______________________________
  ______________________________
- ☐ Mees onlangse rapport
- ☐ Oorplasingskaart van vorige skool
- ☐ Kliniekkaart (verklaring indien verlore)
- ☐ Beëdigde verklaring indien werkloos
- ☐ Bewys van toelaag – SASSA brief (kaarte nie aanvaarbaar)
- ☐ Bewys van pleegouer/wettige voogde en bevel
- ☐ Egskeidingsbevel (indien van toepassing)

*U begryp dat die ontvangs van hierdie inskrywingsvorm Laerskool Boerefort onder geen verpligting plaas om die kind as leerder te aanvaar nie. Hierdie vorm moet deur die leerder se ouers/voog voltooi en geteken word.* ***Al die bogemelde dokumente is verpligtend alvorens 'n leerder toegelaat sal word by Laerskool Boerefort.***

Die persoonlike inligting wat in hierdie vorm verstrek word, word benodig vir *die* verwerking van aansoeke om toelating. In die geval van versuim om die nodige inligting te verstrek sal die aansoek nie suksesvol wees nie. Ons/ek, verskaf hiermee vrywillig toestemming dat ons/my persoonlike inligting verwerk word vir die doel waarvoor dit benodig word.



Parafeer Ouer 1: ____ Ouer 2: _____

## FAMILIE INLIGTING

### GESINSSTATUS

- ☐ Enkelouer (weduwee/wewenaar)
- ☐ Enkelouer (nooit getroud)
- ☐ Enkelouer (geskei)
- ☐ Grootouers *(beïdigde verklaring deur ouer)*
- ☐ Hersaamgestelde gesin
- ☐ Beide ouers (getroud)
- ☐ Beide ouers (ongetroud)
- ☐ Kinderhuis *(bewys)*
- ☐ Pleegsorg *(bewys)*
- ☐ Wettige voogde (bewys)

*VOLTOOI*

### GEOGRAFIESE INLIGTING

- ☐ Ouer/voog **woon** in die skool se omgewing. Afstand: _____km
- ☐ Ouer/voog **werk** in die omgewing.
- ☐ Het **reeds 'n kind** of **skryf nog 'n leerder** in by Laerskool Boerefort.

**Koppel** leerders/rekening? Ja / Nee ***(LET WEL: Dieselfde ouers en/of rekenpligtige by beide leerders)***

| Boetie/sussie naam en van | Graad | Boetie/sussie naam en van | Graad |
|---|---|---|---|
| | Gr | | Gr |

**Vervoer tipe**:

**Privaat –**

- ☐ Fiets
- ☐ Motorfiets
- ☐ Motorkar
- ☐ Te voet:

10km+ / 2km of minder / 2-5km / 5-10km *(omkring)*

**Publiek –**

- ☐ Bus
- ☐ Staatsbus
- ☐ Taxi
- ☐ Ander

*VOLTOOI*

### NIE SA-BURGERS / ONGEDOKUMENTEERDE LEERDERS

**Nie S.A Burgers**:

- ☐ Ouer het 'n geldige werkspermit
- ☐ Leerder het 'n geldige studiepermit

**Ongedokumenteerde leerder**:

Verstrek rede: ______________________________________________

*VOLTOOI*

### NAASBESTAANDE INLIGTING (NIE OUERS)

| | | |
|---|---|---|
| Naam: | Verwantskap: | Kontaknommer: |
| Naam: | Verwantskap: | Kontaknommer: |



Parafeer Ouer 1: ____ Ouer 2: _____

# BESONDERHEDE VAN LEERDER

## PERSOONLIKE INLIGTING

| | |
|---|---|
| **Volle name**: | **VAN**: |
| **Voorletters**: | **Noemnaam**: |
| **Geboortedatum**: ______/___/20…… | **ID-nommer**: |
| **Nasionaliteit:** | **Paspoortnommer:** |
| **Huidige graad:** | **Geslag:** Seun [ ] Dogter [ ] |
| **Huistaal**: | **Bevolkingsgroep:** |
| **Voorskoolse opvoeding bygewoon:**<br>☐ Formeel<br>*Naam van instansie:* ____________________<br>☐ Informeel<br>*Naam van instansie:* ____________________<br>☐ Nie bygewoon | **Behendigheid:**<br>Linkshandig [ ] Regshandig [ ]<br>**Ontvang maatskaplike toelaag:** *Ja / Nee*<br>☐ Kinderbystand ☐ Gestremdheid<br>☐ Pleegkind ☐ Afhanklikheidsorg |

## MEDIESE INLIGTING

| | |
|---|---|
| Kroniese siektes: | Allergie: |
| Medikasie: ____________________________________________ | |

| | |
|---|---|
| **Naam van mediese fonds**:<br>Telefoonnommer van mediese fonds: __________<br>Hooflid: ____________________<br>Lidnommer: ____________________ | **Naam van huisdokter**:<br>Telefoonnommer van huisdokter: ____________<br>Adres: ________________________________<br>________________________________________ |

## VORIGE SKOOL INLIGTING

| | |
|---|---|
| Eerste inskrywing in 'n skool? *Ja / Nee* | Eerste inskrywing in Gauteng? *Ja / Nee* |
| Verlede jaar skool bygewoon? *Ja / Nee* | **Provinsie / Dorp van skool**: |
| **NAAM vorige skool**: | Kontaknommer: |
| Adres: | **Hoogste graad bereik in vorige skool**: Gr |
| Tydperk in skool: *vanaf* *tot* | Rede vir skoolverlaat: |

| **Merk asb:** | **Ja** | **Nee** |
|---|---|---|
| **Het u kind 'n geskiedenis van enige gedragsprobleme?** | | |
| **Was u kind in 'n spesiale klas (LSEN/SPO)?** | | |
| **Ontvang u kind R.O. (Remediërende onderrig)?** | | |
| **Indien ja**, watter vakke en waar was dit aangebied: | | |
| **Onderriggestremdhede?** | | |
| **Indien ja,** dui aan: | | |
| **Voorheen 'n Graad herhaal?** | | |
| **Indien ja**, spesifiseer: | | |



Parafeer Ouer 1: ____ Ouer 2: _____

## BESONDERHEDE VAN OUER/WETTIGE VOOG

### PERSOONLIKE INLIGTING

| **Ouer 1 / Voog 1** | **Ouer 2 / Voog 2** |
|---|---|
| **Leerder bly by u?** *Ja [ ] Nee [ ]* | **Leerder bly by u?** *Ja [ ] Nee [ ]* |
| **Verwantskap aan leerder:** | **Verwantskap aan leerder:** |
| **Titel:** **Voorletters:** | **Titel:** **Voorletters:** |
| **Volle name:** | **Volle name:** |
| **VAN:** | **VAN:** |
| **Noemnaam:** | **Noemnaam:** |
| **ID nommer:** | **ID nommer:** |
| **Bevolkingsgroep:** | **Bevolkingsgroep:** |
| **Geslag:** *Manlik [ ] Vroulik [ ]* | **Geslag:** *Manlik [ ] Vroulik [ ]* |
| **Huistaal:** | **Huistaal:** |
| **Selfoonnommer:** | **Selfoonnommer:** |
| **Huistelefoonnommer:** | **Huistelefoonnommer:** |
| **E-pos adres:** | **E-pos adres**: |
| **Woonadres:** | **Woonadres:** |
| **Kode:** _____ | **Kode:** _____ |
| **Posadres:** | **Posadres:** |
| **Kode:** _____ | **Kode:** _____ |

### BEROEPSTATUS – VOLTOOI VOLLEDIG

| | | | |
|---|---|---|---|
| ☐ Voltyds indiens<br>☐ Tydelik indiens<br>☐ Eie werkgewer *(professioneel)*<br>☐ Eie werkgewer *(nie-professioneel)* | ☐ Werkloos<br>☐ Huisvrou<br>☐ Pensioen<br>☐ Kontrakwerker<br>☐ Student | ☐ Voltyds indiens<br>☐ Tydelik indiens<br>☐ Eie werkgewer *(professioneel)*<br>☐ Eie werkgewer *(nie-professioneel)* | ☐ Werkloos<br>☐ Huisvrou<br>☐ Pensioen<br>☐ Kontrakwerker<br>☐ Student |
| Vakgebied (*ontvangsdame prokureur, haarkapster, ens.)* | | Vakgebied ( *ontvangsdame prokureur, haarkapster, ens.)* | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Naam van werkgewer of firma of besigheid** | | **Naam van werkgewer of firma of besigheid** | |
| Werk telefoonno.: | | Werk telefoon: | |
| Adres van werk: | | Adres van werk: | |



Parafeer Ouer 1: ____ Ouer 2: _____

# BESONDERHEDE VAN REKENPLIGTIGE

## PERSOONLIKE INLIGTING

| | |
|---|---|
| **Verwantskap aan leerder:** | **Huistaal:** |
| **Titel:** **Voorletters:** | **Selfoonnommer:** |
| **Volle name:** | **Huistelefoonnommer:** |
| **VAN:** | **E-pos adres:** |
| **Noemnaam:** | **Woonadres:** |
| **ID nommer:** | **Kode:** _____ |
| **Bevolkingsgroep:** | **Posadres:** |
| **Geslag:** *Manlik [ ] Vroulik [ ]* | **Kode:** _____ |

## BEROEPSTATUS – VOLTOOI VOLLEDIG

| | |
|---|---|
| ☐ Voltyds indiens<br>☐ Tydelik indiens<br>☐ Eie werkgewer *(professioneel)*<br>☐ Eie werkgewer *(nie-professioneel)* | ☐ Werkloos<br>☐ Huisvrou<br>☐ Pensioen<br>☐ Kontrakwerker<br>☐ Student |
| Vakgebied (*ontvangsdame prokureur, haarkapster, ens.)* | |

**Naam van werkgewer of firma of besigheid**

| | |
|---|---|
| Werk telefoonno.: | |
| Adres van werk: | |

**Ouer/wettige voog 1 en ouer/wettige voog 2 bly aanspreeklik vir die betaling van skoolgelde al word die skoolgeld deur 'n derdeparty betaal.**

Ek verleen toestemming dat my naam op buro's gelys mag word as 'n wanbetaler indien daar enige bedrag uitstaande ingevolge hierdie ooreenkoms is.

Ek verleen ook verder hiermee toestemming dat navraag gedoen mag word by enige buro om my kredietwaardigheid te bevestig of om my op te spoor.

Die persoonlike inligting wat in hierdie vorm verstrek word, word benodig vir die verwerking van die skoolgeldrekening. In die geval van versuim om die nodige inligting te verstrek sal die aansoek onsuksesvol wees.

Ek verskaf hiermee vrywillig my persoonlike inligting om verwerk te word vir die doel waarvoor dit benodig word.

Ek onderneem verder om inligting aan die skool bekend te maak sou my finansiële status verander.

______________________________ ____________
Ouer 1 Datum

______________________________ ____________
Ouer 2 Datum

______________________________ ____________
Rekenpligtige Datum



Parafeer Ouer 1: ____ Ouer 2: _____

## ONDERNEMING MET SKOOL TEN OPSIGTE VAN BETALING VAN SKOOLGELD

Ooreenkoms tussen Laerskool Boerefort en __________________________________________ (Naam EN VAN van **REKENPLIGTIGE**)
t.o.v. die betaling van skoolgeld.

**Oudste kind in Boerefort**: ____________________________________ Gr _____

**FAMILIEKODE:** _________
**(Kantoorgebruik)**

**Tweede kind**: ____________________________________ Gr _____

**Derde kind**: ____________________________________ Gr _____

**Vierde kind**: ____________________________________ Gr _____

1. Laerskool Boerefort is 'n Artikel 21 Openbare Skool en mag skoolgelde hef volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No. 84 van 1996) en die National Education Policy Act (Wet No. 27 van 1996) – National norms and standards of School Funding.
2. U is aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld soos bepaal ingevolge Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, tensy en tot die mate waartoe u van betaling vrygestel is kragtens hierdie Wet.
3. Indien 'n hof bepaal het dat 'n ander persoon die skoolgeld moet betaal, bly dit steeds die verantwoordelikheid van almal wat as ouers van die ingeskrewe leerder kwalifiseer ooreenkomstig die definisie van (ouer) in die SA Skolewet, om die skoolgeld te betaal.
4. Betaling van skoolgeld aan Laerskool Boerefort sal as volg geskied:
   (Merk asseblief in toepaslike blokkie met kruisie)

   ☐ Eenmalige betaling voor of op die sperdatum soos bepaal tydens die jaarlikse ouervergadering.

   ☐ Afbetaling oor 12 maande vanaf 1 Januarie tot 1 Desember.

   ☐ Ander reëlings sal skriftelik met die Skool getref word op my verantwoordelikheid en inisiatief.
5. Indien u wil appelleer teen 'n beslissing van die Beheerliggaam ten opsigte van die vrystelling van u verpligte skoolgelde, kan u dit doen by die Departementshoof van die Onderwysdepartement, wat te alle tye die bepalings van bogenoemde Wetgewing sal toepas en verplig sal wees om 'n behoorlike regsproses te volg ten einde die belange van u as ouer en van die Beheerliggaam te beskerm.
6. Ek / Ons is bewus dat ons kan aansoek doen vir vrystelling (slegs Graad 1-7) van skoolgelde en indien ons van voorneme is om aansoek te doen vir vrystelling, sal die relevante aansoekvorm volledig voltooi word:
   **NUWE LEERDERS:**
   Ouers/voogde moet binne twee weke (14 dae) van inskrywing die nodige dokumentasie vir subsidie indien.
   **INGESKREWE LEERDERS:**
   a) Subsidie moet jaarliks by die Finansiële kantoor ingedien word teen 28 Februarie. M.a.w. ouers/voogde moet heraansoek doen die volgende jaar.
   b) Ouers/Voogde wie se finansiële omstandighede gedurende deur die jaar drasties verander mag ook aansoek doen.
   c) Ek/ons verstaan dat ons ten volle verantwoordelik bly vir die betaling van skoolgelde tot en met goedkeuring van my/ons aansoek deur die Beheerliggaam.
7. Indien ek agterstallig is met betaling van skoolgelde, sal ek aanspreeklik wees vir die betaling van die kostes aangegaan om dit in te vorder op 'n prokureur- en kliënteskaal. Indien daar versuim word om die nodige skoolgelde te betaal soos ooreengekom is die betrokke jaar se volle skoolgeld onmidelik opeisbaar en betaalbaar.
8. Ek kies hierdie onderstaande adres as my *domicilium citandi et executandi* vir aflewering of betekening van kennisgewings of pleitstukke. **Volledige Woonadres** (Nie 'n posbus adres nie):

   ____________________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________________
9. Ek/Ons die ouers/voog van __________________________________________ onderneem om my/ons te hou by die ooreenkoms soos hierbo uiteengesit.
10. Ek/Ons onderneem om die d6 Connect Toep af te laai ten einde my/ons in staat te stel om die rekening te kan besigtig.
11. Ek/ons verstaan dat die skoolgeldrekening besigtig kan word slegs deur Ouer/voog 1 en ouer/voog 2 op d6 Connect.
12. Ek verleen toestemming dat my naam op buro's gelys mag word as 'n wanbetaler indien daar enige bedrag uitstaande ingevolge hierdie ooreenkoms is.
13. Ek verleen ook verder hiermee toestemming dat navraag gedoen mag word by enige buro om my kredietwaardigheid te bevestig of om my op te spoor.
14. Ek verskaf hiermee vrywillig my persoonlike inligting om verwerk te word vir die doel waarvoor dit benodig word.

Handtekening van ouer/voog 1: ____________________________________ Datum: ______________________

Handtekening van ouer/voog 2: ____________________________________ Datum: ______________________

Rekenpligtige (indien nie ouer/voog): ____________________________________ Datum: ______________________



Parafeer Ouer 1: ____ Ouer 2: _____

# TOESTEMMINGSVORM INGEVOLGE WET OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

1. Ek/ons, die ouer/s of wettige voog/de van die leerder asook rekenpligte, gee toestemming dat:

   a) die skool my/ons persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel, verwerk en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid; en

   b) die skool die leerder se persoonlike inligting (insluitend akademiese, bywoning, gedrags- en ander skoolverwante rekords) wat deur die skool ingesamel, verwerk, gedeel en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van registrasie van die leerder in die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid.

2. Ek/ons bevestig dat ek/ons ingelig is dat die bogenoemde persoonlike inligting in ooreenstemming met die skool se POPI-beleid hanteer sal word, welke beleid op die skool se webwerf beskikbaar is, alternatiewelik op versoek aan die skool beskikbaar gestel sal word. Ek bevestig dat ek bewus is daarvan dat my/ons regte met betrekking tot die beskerming van my/ons persoonlike inligting ook volledig in hierdie beleid vervat word.

3. Ek/Ons stem vrywillig hiermee toe:
   - Dat Laerskool Boerefort my en die leerder se persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel word, verwerk en gestoor mag word
   - Dat die verwerking van inligting insluit die ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.
   - Dat hierdie toestemming onmiddelik van krag sal wees en van krag sal bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike inligting nagekom is.
   - Die persoonlike inligting slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met ‘n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.
   - Dat ek kennis neem dat Laerskool Boerefort persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgeweing en -beleide voorskryf.
   - Dat die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word, en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.

4. Ek/Ons neem kennis dat ons die volgende regte het:
   - Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word, en wanneer die skool dit sal bekend maak. Ál voormelde inligting word vervat in Laerskool Boerefort se POPI-beleid en kan bekom word by ons kantore.
   - Die reg om u besonderhede reg te stel. Die skool sal ouers/wettige voogde se inligting bygewerk probeer hou. Indien enige van die ouers/wettige voogde of rekenpligtige se besonderhede egter verander, is dit die ouers/wettige voogde se verantwoordelikheid om die skool in kennis te stel sodat die skool rekords so akkuraat moontlik kan wees.
   - Die reg om toestemming terug te trek. Ouers/wettige voogde mag die toestemming wat hulle ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. Ouers/wettige voogde se terugtrekking moet skriftelik geskied en aan die Hoofinligtingsbeampte gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van ouers/wettige voogde inligting raak nie.

Deur die bepalings van hierdie toestemmingsvorm, gee ek/ons as ouer/s/wettige voog/de uitdruklik toestemming dat Laerskool Boerefort inligting vir bemarkingsdoeleindes mag verwerk, en verstaan ek/ons dat deur toestemming te gee, Laerskool Boerefort bemarkings-materiaal soos deur die skool verkies aan ons mag voorsien.

Deur die ondertekening van hierdie vrywaring stem u in met die inhoud van hierdie dokument. Indien u nie instem met die inhoud van hierdie vrywaring, word u versoek om asb. ‘n skrywe te rig aan die Skoolhoof.

Handtekening van ouer/voog 1: ___________________________________ Datum: _____________________

Handtekening van ouer/voog 2: ___________________________________ Datum: ______________________

Rekenpligtige (indien nie ouer/voog): ___________________________________ Datum: ______________________

## VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL EN VIDEO'S

Hiermee verleen ek/ons

Ouer/voog 1: _________________________ en ouer/voog 2: _________________________

van ________________________ in Gr _____ toestemming aan Laerskool Boerefort, as openbare opvoedkundige instansie, om foto's/beeldmateriaal/video's van my kind in hierdie skool te vertoon as deel van:

- Aktiwiteite/demonstrasies/projekte in die loop van klaskameronderrig of voorbeeldprojek-/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik is tydens opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensie, ensovoorts deur die skool geskep.
- Video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat moontlik op 'n televisiestasie uitgesaai mag word.
- Voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word.
- Video-opnames/foto's van sport- en kultuurgebeure vir bemarkingsdoeleindes van die skool.
- Enige gedrukte publikasie dog nie beperk is nie tot, jaarboeke, kalenders, nuusbriewe, koerante, tydskrifte ensovoors.
- Die skool se webblad, enige sosiale media of elektroniese publikasies soos deur Laerskool Boerefort besluit.

Ek verstaan dat die doel van hierdie blootstelling is om prestasies te vier en skoolgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink. Let egter daarop dat geen identifiseerbare inligting, bv. ouderdom, klas ens. saam met die foto's/beeldmateriaal/video's sal verskyn nie.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in bogenoemde materiaal verskyn by die naam genoem mag word. Geen persoonlik identifiseerbare inligting van die leerders, buiten vir die naam en van (en moontlik ouderdomsgroep sou die publikasie verband hou met 'n sportsoort), sal saam met enige foto/beeldmateriaal/video's gebruik sal word nie.

Ek verstaan dat wanneer ek die skool sou voorsien van enige foto's/beeldmateriaal/video's vir publikasie doeleindes, die skoolbestuur hulle diskressie mag gebruik alvorens publikasie mag plaasvind. Sou die skool die foto's/beeldmateriaal/video's onvanpas vind hetsy kleredrag of tipe byeenkoms of vir watter ander rede ookal nie in ooreenstemming is met die skool se beeld/visie, dit nie geplaas sal word nie.

Ek verstaan verder ook dat die skool die reg het om my te versoek dat enige onvanpaste plasings op sosiale media verwyder moet word en ook die reg het om dit self te mag verwyder/aan te meld/dokumenteer.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat deur die skool gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word. Daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die leerders in enige publikasies.

Ek neem kennis dat sou ek myself nie wil onderwerp aan die sosiale media beleid van die skool of sou ek hierdie getekende vrywaringsvorm op enige stadium wil herroep, ek 'n skrywe moet rig aan die skoolhoof.

_______________________________ _________________
Handtekening van ouer/voog 1 Datum

_______________________________ _________________
Handtekening van ouer/voog 2 Datum

## TOESTEMMING OM AAN ALLE GEORGANISEERDE AKADEMIESE, SPORT- EN KULTUURAKTIWITEITE DEEL TE NEEM

1. Ek, ouer/voog van _______________________________ gee hiermee toestemming dat hy/sy aan alle akademiese-, sport- en kultuuraktiwiteite wat deur die skool op 'n georganiseerde wyse aangebied word, mag deelneem. Om toetse deur die skool ondersteuningsspan met die oog op hulpverlening in skoolwerk of identifisering van probleme te mag aflê.

2. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van die mediese en / of hospitaalrekenings indien van toepassing, in geval van besering wat nie aan die growwe nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.

3. Ek dra my magte as ouer/ voog oor aan die Hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese of chirurgiese behandeling vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy fisies in staat om aan enige georganiseerde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy in goeie gesondheid.

4. Ek bevestig dat alle mediese inligting voorsien in die Afdeling: Leerderinligting van hierdie vorm akkuraat en volledig is. Hierdie inligting mag gebruik word in enige noodgeval.

5. Ek onderneem om die skool in kennis te stel indien enige van bogenoemde inligting verander.

6. Ek onderneem om my kind te ondersteun in die nakoming van die Gedragskode en dissiplinêre stelsel van Laerskool Boerefort soos vervat in die Skoolbeleid.

7. Ek/Ons verstaan die Beheerliggaam van Laerskool Boerefort behou die reg van toegang tot die skool voor en behou ook die reg voor om enige leerder/s toegang tot die skool te weier sonder om redes van enige grond te vermeld, met dien verstande dat die gronde vir sodanige weiering nie gebaseer sal wees op enige element wat die uitwerking sal hê dat dit sal neerkom op diskriminasie ten opsigte van ras, geslag of diskriminasie in die algemeen soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

8. Die reg van toegang tot die skoolterrein en pesrele word ten alle tye voorbehou.

Handtekening van ouer/voog 1: _______________________________ Datum: ____________________

Handtekening van ouer/voog 2: _______________________________ Datum: ____________________



Parafeer Ouer 1: ____ Ouer 2: _____

**SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, NR.84 VAN 1996**

**REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN BETALING VAN SKOOLGELDE DEUR OUERS**

# KONTROLELYS *

(Merk met 'n kruisie in die betrokke blokkie.)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1.** | Het die hoof of sy afgevaardigde u ingelig oor die bedrag van jaarlikse skoolgelde wat betaal moet word? Dit word ook vermeld in verskeie kennisgewingsbriewe) | **JA** | **NEE** |
| **2.** | Het die hoof of sy afgevaardigde u ingelig dat u verplig is om skoolgelde te betaal tensy u geheel en al daarvan vrygestel is? | **JA** | **NEE** |
| **3.** | Het die hoof of sy afgevaardigde u ingelig dat u geregtig is om aansoek te doen om vrystelling van die betaling van skoolgelde? | **JA** | **NEE** |
| **4.** | Wil u vir hierdie vrystelling aansoek doen? | **JA** | **NEE** |
| **5.** | Het u hulp nodig met so 'n aansoek? | **JA** | **NEE** |
| **6.** | Het die hoof of sy afgevaardigde u van die aansoekvorm om vrystelling voorsien? Vorm beskikbaar by die finansiële dames | **JA** | **NEE** |

______________________
Naam van Hoof

______________________
Handtekening van Hoof

Datum: _________________

______________________
Naam van ouer

______________________
Handtekening van ouer

Datum: _________________



Parafeer Ouer 1: ____ Ouer 2: _____